



**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL GEHOU IN DIE KOMITEEKAMER, KORPORATIEWE DIENSTE OP WOENSDAG, 1 JUNIE 2016 OM 14:00**

---

**TEENWOORDIG**

Interne lede:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz (voorsitter)  
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche

Eksterne lede:

Me L Waring

Ander amptenare:

Bestuurder: Sekretariaat- en Rekordsdienste, me N Brand (sekretariaat)  
Snr Bestuurder: Bou-omgewing, mnr A M Zaayman (adviseer)  
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp (waarnemer)  
Stads- en Streekbeplanner en GIS Administrateur, mnr H Olivier  
Snr Stads- en Streekbeplanner, mnr A J Burger

**1. OPENING**

Die voorsitter open die vergadering.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Verlof tot afwesigheid word verleen mnre C Rabie en P A C Humphreys.

**3. VERKLARING VAN BELANGE**

**BESLUIT** dat kennis geneem word dat daar geen botsing van belange verklaar is nie.

**4. NOTULE**

**4.1 NOTULE VAN 'N MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAALVERGADERING GEHOU OP 4 MEI 2016**

**BESLUIT**

(op voorstel van me L Waring, gesekondeer deur me M S Terblanche)

Dat die notule van 'n Munisipale Beplanningstribunaalvergadering gehou op 4 Mei 2016 goedgekeur en deur die voorsitter onderteken word.

**5. SAKE VIR OORWEGING**

**5.1 VOORGESTELDE AFWYKING OP ERF 874, YZERFONTEIN (15/3/4-14)**

'n Aansoek is ontvang vir die afwyking op erf 874, Yzerfontein ten einde af te wyk van die 1,5 m syboullyn (westelike grens) na  $\pm 1,3$  m (op eerstevloervlak).

5.1/...

Die Snr Stads- en Streekbeplanner, mnr J A Burger, gee agtergrond tot die voorgestelde grondgebruik. Die woning met buitegeboue is in 1995 opgerig en het uit 'n enkelvlak bestaan. Gedurende 2010 is daar wesenlike veranderings aan die woning aangebring, en is die woning gedeeltelik gesloop en verbeter tot 'n dubbelverdieping.

Die soneringsparameters van toepassing in 2010 het 'n syboullyn van 2m voorgestel en is die bouplan daarvolgens goedgekeur.

Die eienaar van erf 379, geleë oorkant erf 874, Yzerfontein het oor tyd verskeie besware gehad ten opsigte van die veranderings aan die woning op erf 874 – onder andere – dat die syboullyn oorskry word en dat sy uitsigte belemmer word. Die aangeleentheid insake die affektering van uitsig is reeds deur 'n hof hanteer en is daar in die guns van die eienaar van erf 874 besleg.

'n Landmeter is derhalwe aangestel om die posisie van die nuut opgerigte woning te verifieer en is daar gevind dat die 1,5 m syboullyn (ingevolge die nuwe skemaregulasie) die boullyn tot op ±1,3 m oorskry.

Die aansoek het ten doel om die afwyking op erf 874, Yzerfontein goed te keur.

### **EENPARIG BESLUIT**

A Dat die aansoek vir die afwyking op erf 874, Yzerfontein ten einde af te wyk van die 1,5 m syboullyn (westelike sygrens) na ±1,3 m (op eerstevloervlak), ingevolge artikel 60 van die Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PK 7420 van 3 Julie 2015), goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

#### **A1 Stadsbeplanning/ Boubeheer**

(a) Die aansoeker/beswaarmakers op tot hul reg tot appèl gewys word ingevolge Hoofstuk VII, artikel 79 van die Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PK 7420 van 3 Julie 2015);

B Dat die toepaslike bouplanne vir die boullyn afwyking aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging en goedkeuring voorgelê word;

C Dat die aansoek vir die volgende redes ondersteun word:

(a) Die verskeidenheid van plantegroei tussen erwe 874 en 873 lei tot die aansienlike belemmering van uitsigte op die westelike grens van erf 874, sowel as vir eiendomme oorkant die straat;

(b) Die geringe oorskryding van die bouwerk op die eerstevloervlak het geen impak op omliggende eiendomme nie, maar wel die bestaande plantegroei tussen erwe 873 en 874.

### **5.2 VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 3024, MALMESBURY (15/3/10-8)**

'n Aansoek is ontvang vanaf die Swartland Voortrekkers vir 'n vergunningsgebruik op erf 3024, Malmesbury ten einde 'n plek van samekoms te vestig (±150 m<sup>2</sup> vir 'n saal en ±3000 m<sup>2</sup> vir parkering).

Mnr J A Burger, as outeur van die verslag, lig dit toe en meld dat die Swartland Voortrekkers die fasiliteite vir opvoedkundige doeleindes gebruik. Sedert 2015 word die saal ook vir sosiale funksies, konferensies en markte (bv. die "Langsdiebosmark") gebruik en het die aansoek om vergunningsgebruik ten doel om hierdie gebruike te wettig.

### **EENPARIG BESLUIT**

A Dat die vergunningsgebruik op erf 3024, Malmesbury ingevolge artikel 60 van die Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PK 7420 van 3 Julie 2015) goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

**A1 Stadsbeplanning en Boubeheer**

- (a) Die vergunningsgebruik vir 'n plek van samekoms beperk word tot die bestaande saal ( $\pm 150 \text{ m}^2$ ) en parkeerarea ( $\pm 3000 \text{ m}^2$ ) soos voorgelê in hierdie aansoek;
- (b) Geen aktiwiteite m.b.t. sosiale funksies, konferensies en markte mag buite die bestaande saal plaasvind nie;
- (c) Die vergunningsgebruik beperk word tot die Swartland Voortrekkers en hierdie vergunning sal verval indien die Swartland Voortrekkers die eiendom verlaat of indien eienaarskap van die eiendom verander;
- (d) Die vergunningsgebruik beperk word tot 'n periode van 2 jaar, m.a.w. tot 30 Junie 2018. Gedurende hierdie tydperk sal die aktiwiteite van die vergunningsgebruik gemonitor word om die impak op die omliggende residensiële ontwikkeling (Johan Moller Estate) te bepaal;
- (e) Voordat die 2 jaar periode verval 'n aansoek gedoen kan word om die goedkeuring te verleng;
- (f) Die parkeerarea voorsien word met 'n gruislaag en dat die parkeerplekke duidelik gemerk word;
- (g) Indien voedsel voorberei word in die saal se kombuis vir sosiale funksies, konferensies of markte, aansoek gedoen moet word by die Weskus Distriksmunisipaliteit vir 'n geskikheidsertifikaat en by Swartland Munisipaliteit vir 'n handelslisensie;
- (h) Indien drank op die perseel verkoop word, 'n dranklisensie by die Weskaapse Drankraad verkry word;
- (i) Die aansoeker/beswaarmakers op hul reg tot appèl gewys word ingevolge Hoofstuk VII, artikel 79 van die Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PK 7420 van 3 Julie 2015);

**A2 Vullisverwydering**

- (a) Die basiese vullisverwyderingstarief vir elke afsonderlike besigheid op die erf gehef word, en ook dat in die geval van besighede die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
- (b) Die vullis in vullissakke op die naaste munisipale sypaadjie geplaas word op ooggend van verwydering;

B Dat die aansoek vir die volgende redes ondersteun word:

- (a) Die voorgestelde vergunningsgebruik is nie teenstrydig met die doelwitte van die ROR nie en word beskou om in ooreenstemming met die ROR te wees;
- (b) Die voorgestelde vergunningsgebruik voldoen aan die vereistes van die Swartland Geïntegreerde Skemaregulasies, asook aan bestaande beplanningstandaarde en –norme;
- (c) Die voorgestelde vergunningsgebruik sal nie 'n negatiewe impak hê op die karakter van die omliggende gebied nie;
- (d) Die voorgestelde vergunningsgebruik bied 'n bykomende fasiliteit om gebruik te word deur die breër gemeenskap van Malmesbury.

**5.3 HERSONERING VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 148, ABBOTSDALE (15/3/3-1) (WYK 7)**

'n Aansoek is ontvang vir die hersonering van 'n gedeelte (groot  $\pm 342 \text{ m}^2$ ) van erf 148, Abbotsdale vanaf residensiële sone 1 na sakesone 2 ten einde 'n buurtwinkel te bedryf.

Die verslag word toegelig deur die Stads- en Streekbeplanner en GIS Administrateur, Mnr H Olivier, wat die komitee daarop wys dat daar reeds 'n winkel onwettig vanaf die perseel bedryf word.

Die betrokke erf is geleë in die afgebakende sakekern van Abbotsdale en is verder geleë langs 'n aktiwiteitstraat. Die hersonering het ten doel om die winkel te formaliseer en sal 'n positiewe bydrae lewer tot die ontwikkeling van die sakekern, aangesien daar geringe besigheidsgeleenthede en/of –eiendomme in Abbotsdale is.

Eenparig besluit/...

**EENPARIG BESLUIT**

- A Dat die aansoek om hersonering van 'n gedeelte (groot 342 m<sup>2</sup>) van erf 148, Abbotsdale vanaf enkelresidensiële sone 1 na sonesone 2 ingevolge artikel 60 van Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PK 7420 van 3 Julie 2015) goedgekeur word, onderhewing aan die volgende voorwaardes:

**A1 Stadsbeplanning / Boubeheer**

- (a) Bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging en goedkeuring ingedien word;
- (b) Die nodige aansoek vir die oprigting van advertensietekens aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging en goedkeuring ingedien word;
- (c) Die aansoeker/beswaarmakers op hul reg tot appèl ingevolge hoofstuk VII, artikel 79 van die Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning (Pk 7420 van 3 Julie 2015) in kennis gestel word;
- (d) Op-perseel parkering ingevolge die Swartland Geïntegreerde Sonering-skemaregulasies op bouplanstadium voorsien word;

**A2 Water**

- (a) Die bestaande water aansluiting moet gebruik word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

**A3 Riool**

- (a) Die bestaande riool aansluiting moet gebruik word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

**A4 Vullisverwydering**

- (a) Die basiese vullisverwyderingstarief gehef moet word vir die woonhuis sowel as die besigheid en in die geval van die besigheid die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
- (b) Vullis moet in vullissakke op die naaste munisipale sy-paadjie geplaas word op die oggend van verwydering;

- B Dat die aansoek om die volgende redes ondersteun word:

- (a) Die aansoek is in ooreenstemming met die Swartland Munisipaliteit se ROR;
- (b) Die aansoek voldoen aan die voorskrifte van die betrokke soneringskema;
- (c) Die voorgestelde winkel, gegewe die ligging daarvan in die sakekern, sal bydra tot die bevordering van die sakekern van Abbotsdale.

**5.4 VERGUNNINGSGEBRUIK EN AFWYKING OP ERF 571, CHATSWORTH (15/3/10-2, 15/3/4-2) (WYK 4)**

Die outeur van die verslag, mnr H Olivier, verduidelik dat die aansoek ten doel het om 'n transmissietoering as vergunningsgebruik onder gemeenskap sone 1 op erf 571, Chatsworth te akkommodeer.

Daar word terselfdertyd aansoek gedoen om afwyking van die 3 verdiepings hoogtebeperking van 9 m na 25 m, sowel as die 10m straatboulyn tot op 0 m onder gemeenskap sone 1 sonering.

Mnr Olivier noem dat die transmissietoring in die vorm van 'n boom sal wees om in te skakel by die natuurlike plantegroei van die omliggende gebied.

'n Verdere aspek wat uitgelig word, is die feit dat daar nog nie navorsing bestaan wat kan staaf dat die uitstraling van transmissietorings 'n gesondheidsrisiko vir die mens inhou nie.

**EENPARIG BESLUIT**

- A Die aansoek om vergunningsgebruik op 'n gedeelte van erf 571, Chatsworth in terme van artikel 60 van Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PK 7420 van 3 Julie 2015), goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

**A1 Stadsbeplanning / Boubeheer**

- (a) Die transmissietoring opgerig moet word in die vorm van 'n boom wat in pas is met die natuurlike plantegroei van die omliggende gebied;
- (b) Bouplanne moet aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging en goedkeuring voorgelê word;
- (c) Aansoek vir die oprigting van advertensieborde vir die verskeie diensverskaffers moet aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging en goedkeuring voorgelê word;
- (d) Indien dit bewys word dat basisstasies negatiewe gevolge vir gesondheid inhou (in ooreenstemming met spesifieke riglyne), en na onafhanklike toetse daar bepaal is dat hierdie basisstasie buite dié riglyne val, sal die aansoeker moet verseker dat daar aan die riglyne voldoen word of indien nie moontlik nie, die toring buite werking moet stel;
- (e) Die aansoeker/beswaarmakers van hul reg tot appèl ingevolge hoofstuk VII, artikel 79 van die Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PK 7420 van 3 Julie 2015) in kennis gestel word;

**A2 Water**

- (a) Die bestaande wateraansluiting gebruik word en dat geen addisionele wateraansluitings toegelaat sal word nie;

**A3 ESKOM**

- (a) Eskom se regte oor die eiendom steeds behoue sal bly;
- (b) Die volgende geboue en bome beperking aan beide kante van die middellyn van oorhoofse kraglyne geld:
  - 11kV met 'n 9m boulyn beperking aan beide kante van die middellyn;
- (c) Geen werke of masjienerie mag nader as 3m vanaf die geleiers van die 11kV lyn plaasvind of wees nie;
- (d) Die natuurlike grondvlak behoue bly binne die Eskom reserwe areas en serwitute;
- (e) Die minimum grondvryhoogte van die oorhoofse kraglyne moet gehandhaaf word volgens die volgende hoogtes: Spanning 11kv – 5.5m veiligheidshoogte bo grond in dorpsgebiede;
- (f) Die bestaande Eskom kraglyne en infrastruktuur erken word as gevestigde infrastruktuur op die eiendomme en dat die herbelyning of verskuiwing daarvan sal wees vir die koste van die aansoeker/eienaar;
- (g) Eskom regte en serwitute, ingesluit enige ooreenkomste met grondeienaars, wat verkry is vir die bedryf en onderhoud van hierdie bestaande kraglyne en infrastruktuur erken en eerbiedig word gedurende die leeftyd daarvan, wat mag insluit maar nie beperk is nie tot:
  - 24h toegang tot infrastruktuur soos genoem by 5(a);
  - Die doen van onderhoud (struktureel en serwitute – plantegroei bestuur) op infrastruktuur volgens Eskom se onderhoudsprogramme en skedules;
  - Die opgradering en opknapping van bestaande kraglyne en infrastruktuur soos bepaal deur Eskom;
  - Die uitvoering van enige ander aktiwiteit wat nie bo gelys is nie om te verseker dat veilige bedryf en onderhoud van Eskom kraglyne en infrastruktuur verseker word;
- (h) Eskom nie verantwoordelik sal wees vir die besering of sterfte van enige persoon nie, of die verlies of beskadiging van enige eiendom as gevolg van die betreding of gebruik van 'n area met Eskom dienste. Dit sluit in maar is nie beperk tot die aansoeker, sy agent, kontrakteurs, werknemers, opvolgers in titel en gevolmagtigde;
- (i) Die aansoeker Eskom vrywaar van enige verlies, eise of skade, ingesluit eise wat verband hou met die inmenging van Eskom dienste, apparaat of ander;
- (j) Eskom te alle tye onbeperkte toegang na en van sy dienste het;
- (k) Enige ontwikkeling van die herplasing van Eskom dienste veroorsaak, die koste daarvan vir die rekening van die ontwikkelaar sal wees;
- (l) Sandile Faltein, Malmesbury CNC moet gekontak word by 022-4871212 voordat enige werke in nabye afstand van oorhoofse kraglyne plaasvind;

5.4/...

- B Die aansoek om afwyking van die hoogtebeperking onder gemeenskap sone 1 vanaf drie verdiepings / 9 m tot 25 m op erf 571, Chatsworth in terme van artikel 60 van Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PK 7420 van 3 Julie 2015) goedgekeur word;
- C Die aansoek vir 'n afwyking in terme van die straatboulyn onder gemeenskap sone 1 vanaf 10 m na 0 m goedgekeur word in terme van artikel 60 van Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PK 7420 van 3 Julie 2015);
- D Dat die aansoek vir die volgende redes ondersteun word:
  - (a) Die voorgestelde plasing van die transmissietoring sal verseker dat die bestaande aktiwiteite op die perseel nie negatief beïnvloed word nie;
  - (b) Transmissietorings speel 'n belangrike rol wat voordelig is vir die gemeenskap en besighede in die gebied, aangesien dit beter netwerkdekking vir alle selfoonnetwerke verleen. Die strategiese plasing van die transmissietoring om optimale dekking te verseker is van groot belang;
  - (c) Die moontlike visuele impak van die transmissietoring is versag deur die voorstel van die aansoeker om die toring in die vorm van 'n boom te ontwerp wat sal inskakel by die res van die bome op die perseel.

#### 5.5 VOORGESTELDE HERSONERING EN VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 136, RIEBEEK KASTEEL (15/3/3-11, 15/3/10-11) (WYK 12)

'n Aansoek is ontvang vir die hersonering van erf 136 (1041 m<sup>2</sup>), Riebeek Kasteel vanaf enkel residensiële sone 1 na sakesone 2, met vergunningsgebruik ten einde 'n restaurant vanaf die eiendom te bedryf.

Mnr A J Burger, as outeur, behandel die verslag en noem dat die bestaande woning in 'n restaurant omskep sal word en dat daar geen fisiese beperkings is wat die aansoek negatief sal beïnvloed nie. Die betrokke erf is op 'n aktiwiteitsas geleë en langs 'n aktiwiteitstraat en sal die gemengde grondgebruike in die gebied komplementeer.

#### EENPARIG BESLUIT

- A Dat die aansoek vir die hersonering van erf 136, Riebeek Kasteel ingevolge artikel 60 van die Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PK 7420 van 3 Julie 2015) vanaf enkelresidensiële sone 1 na sakesone 2 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

##### **A1 Stadsbeplanning/ Boubesker**

- (a) Die sakegebruik van erf 136 beperk word tot 'n restaurant;
- (b) Bouplanning vir die omskepping van die woonhuis na 'n restaurant aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging en goedkeuring voorgelê word;
- (c) Ten minste 11 op-perseel parkeerplekke en 1 laaisone voorsien word soos voorgelê in hierdie aansoek;
- (d) Aansoek gedoen word by die Weskus Distriksmunisipaliteit vir 'n geskiktheidsertifikaat en by Swartland Munisipaliteit vir 'n handelslisensie;
- (e) Die aansoeker/beswaarmakers op hul reg tot appèl gewys word ingevolge hoofstuk VII, artikel 79 van die Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PK 7420 van 3 Julie 2015);
- (f) Hierdie goedkeuring is geldig vir 'n tydperk van 5 jaar ingevolge artikel 66(2)(w) van die Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PK 7420 van 3 Julie 2015);

##### **A2 Water**

- (a) Die voorgestelde restaurant voorsien word van 'n enkele aansluiting van geskikte grootte;

A3/Riool/...

**A3 Riool**

- (a) Daar gebruik gemaak word van die bestaande riolaansluiting en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

**A4 Strate en stormwater**

- (a) Die op-perseel parkering en laaisone voorsien word van 'n permanente stofvrye oppervlakte hetsy teer, beton of plaveisel of 'n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit en dat die parkeerplekke en laaisone duidelik gemerk word;

**A5 Vullisverwydering**

- (a) Die basiese vullisverwyderingstarief vir die besigheid gehef word, en in die geval van die besigheid sal die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
- (b) Die vullis in vullissakke op die naaste munisipale sypaadjie op oggend van verwydering geplaas word;

**A6 Kapitaalbydraes**

- (a) Die eienaar/ontwikkelaar moet 'n bydrae vir die grootmaat voorsiening van streekwater ten bedrae van R2 886,52 maak. Hierdie kapitaalbydrae is betaalbaar aan Swartland Munisipaliteit op bouplanstadium. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6230;
- (b) 'n Vaste kapitaalbydrae t.o.v. paaie ten bedrae van R 47 412,95 moet op bouplanstadium aan die Munisipaliteit gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6210 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;
- (c) 'n Vaste kapitaalbydrae t.o.v. stormwater ten bedrae van R 2 311,92 moet op bouplanstadium aan die Munisipaliteit gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;
- (d) 'n Vaste kapitaalbydrae t.o.v. water ten bedrae van R 6 357,78 moet op bouplanstadium aan die Munisipaliteit gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;
- (e) 'n Vaste kapitaalbydrae t.o.v. riool ten bedrae van R 5 394,48 moet op bouplanstadium aan die Munisipaliteit gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;
- (f) 'n Vaste kapitaalbydrae t.o.v. afvalwater behandeling ten bedrae van R 11 559,60 moet op bouplanstadium aan die Munisipaliteit gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6220 en is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan hierna hersien word;
- (g) Dat die eienaar/ontwikkelaar in kennis gestel word van die 40% korting van toepassing op kapitaalbydraes ingevolge die Raadsbesluit gedateer Mei 2015, en dat hierdie korting geldig is vir die finansiële jaar van 2015/2016 waarna dit hersien kan word;

**A7 Algemeen**

- (a) Indien die uitbreiding van enige bestaande infrastruktuur nodig sou wees om die ontwikkeling van dienste te kan voorsien, dit vir die koste van die aansoeker sal wees;

**A8 Departement van Vervoer en Openbare Werke**

- (a) Ingevolge die Paaie Ordonnansie 19 van 1976 mag geen nuwe toegange gebou of bestaande toegang uitlegte of toegang gebruikte verander word sonder die goedkeuring van die Departement van Vervoer en Openbare Werke:
- Die bestaande toegang op Hoofpad 226 moet permanent gesluit word en die randsteen verhoog word tot standaard hoogte;
  - Toegang tot die onderwerp eiendom word slegs toegelaat vanaf Skoolstraat;

5.5/A8(a)/...

- (b) Voorgestelde parkeerplekke 12 en 13 op tekening RK/9520/IJ van CK Rumboll & Vennote is geleë binne die statutêre padreserwe van Hoofpad 226. Parkeerplekke 12 en 13 sal moet toegang verkry vanaf Hoofpad 226. Parkeerplekke 12 en 13 word dus nie goedgekeur nie;
- (c) Die voorgestelde 11 op-perseel parkeerplekke op die noordelike deel van die eiendom is voldoende vir die voorgestelde ontwikkeling:
  - Onderhewig aan munisipale is daar 'n geleentheid vir ±4 meer op-perseel parkeerplekke direk vanuit Skoolstraat.
- (d) Die bestaande bouplatvorm van die ontwikkelingsgebou is geleë net buite die 25m statutêre padreserwe van Hoofpad 226;
- (e) Die Departement van Vervoer en Openbare Werke ingevolge artikel 17 van die Paaie Ordonnansie 19 van 1976 gee goedkeuring vir die verslapping van die statutêre 5m boulyn op erf 136 vanaf 5m na 0m gemeet vanaf die statutêre grens van Hoofpad 226;
- (f) Die Departement van Vervoer en Openbare Werke het geen beswaar teen die voorgestelde hersonering en vergunningsgebruik onderhewig daaraan dat geen toegang toegelaat word vanaf Hoofpad 226 (Piet Retiefstraat) en die bestaande toegang op Hoofpad 226 permanent gesluit word;

B Die aansoek vir 'n vergunningsgebruik vir 'n restaurant ingevolge artikel 60 van die Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Munisipale Grondgebruiksbeplanning (PK 7420 van 3 Julie 2015), goedgekeur word;

C Dat die aansoek vir die volgende redes ondersteun word:

- (a) Die aansoek is in ooreenstemming met die Swartland Munisipaliteit se ROR;
- (b) Erf 136 is langs 'n aktiwiteitstraat geleë;
- (c) Die voorstel voldoen aan al die soneringskemaparameters;
- (d) Die voorgestelde ontwikkeling sal nie 'n negatiewe impak hê op die karakter van die omliggende gebied nie;
- (e) Voldoende dienste kapasiteit bestaan om die voorgestelde ontwikkeling te akkommodeer.

## 6. ALGEMEEN

### 6.1 DATUMS VIR MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAALVERGADERING

Die voorsitter meld dat daar nie in Julie 'n vergadering geskeduleer is nie, en dat die vergadering wat in Augustus geskeduleer is, verval weens die Plaaslike Verkiesings, en word –

#### DERHALWE BESLUIT

Dat die volgende Munisipale Beplanningstribunaalvergadering gehou sal word op Woensdag, 13 Julie 2016 om 14:00, en die daaropvolgende vergadering op Woensdag, 17 Augustus 2016 om 14:00.

### 6.2 VISUELE VOORSTELLING AS TOELIGTING TOT VOORGESTELDE GRONDGEBRUIKE

Op versoek van die Direkteur: Korporatiewe Dienste in verband met voormelde –

#### BESLUIT

Dat die Afdeling: Beplanning die beste wyse ondersoek om visuele voorstellings aan die komitee voor te lê, wanneer nodig, om 'n duidelike voorstelling te kry van hoe die voorgestelde grondgebruik in die omliggende omgewing geakkommodeer word, hetsy by wyse van foto's of foto's verkry vanaf 'Google Earth'.

(GET) J J SCHOLTZ  
VOORSITTER